


# WOORD VAN *De Wet*

Hoof Uitvoerende Direkteur/ Chief Executive Director

Since Engo's founding, the call for HOPE and support for communities in the Free State has only grown stronger and deeper, rooted in our core values of COURAGE, EXCELLENCE, HONESTY, INTERGRITY, CARE and EMPATHY.

One of Engo's special sub-programmes is Hospital Care. This programme is dedicated to delivering mental, spiritual and emotional support to patients and their families in hospitals. Through visits, prayer and sharing the Word of God, Engo's Hospital Care team brings HOPE and encouragement to people facing illness and suffering.

Geïnspireer deur Romeine 15:4 – "Alles wat vroeër geskryf is, is tot ons lering geskryf, sodat ons deur volharding en die bemoediging van die Skrifte hoop kan hê", is elke besoek 'n daad van liefde en genade. Dit is nie bloot 'n geestelike diens nie, maar 'n tasbare manier om God se teenwoordigheid en liefde te ervaar in tye van nood.

Hospitaalsorg is meer as net 'n diens wat ons lewer. Dit is 'n luisterende oor, 'n troosvolle teenwoordigheid en 'n herinnering dat niemand alleen hoef te voel nie. Pasiënte ervaar dikwels angs, onsekerheid en isolasie. Families wat hul geliefdes ondersteun, vind ook krag en bemoediging in hierdie diens.

In Bloemfontein bied Engo se Hospitaalsorg ondersteuning in verskeie hospitale. Die doel is eenvoudig: om HOOP te bring waar daar wanhoop is, en om LIG te bring in die donkerste tye.

Engo's HOSPITAL CARE programme is a living testament to the organisation's mission to create ETERNAL HOPE and make a meaningful difference. It reminds us that no matter the circumstances, there is always HOPE.

If you know about people in hospitals in Bloemfontein and you want Engo to support them, please send an email to info@engo.co.za and we will contact you.

May the month of July be inspired by the spirit of giving and spending time with people you care.



HOSPITAALSORG

# HOOP EN OMGEE LANGS

## die hospitaalbed

**Ons het met Christelle Trollope van Engo Hospitaalsorg gesels en 'n paar vrae aan haar gevra oor die belangrike werk wat Hospitaalsorg doen.**

Hospitaalsorg is een van Engo se sewe subprogramme en bied ondersteuning aan pasiënte en hul families tydens moeilike en onseker tye. Deur besoeke, gebed, bemoediging en praktiese omgee bring Hospitaalsorg hoop waar mense dit dikwels die nodigste het.

**Wat behels Engo se Hospitaalsorgdiens?**

Hospitaalsorg fokus op die besoek en ondersteuning van pasiënte in hospitale. Verwysings word ontvang van dominees, skribas, leiers van gebedsgroepe en ook van pasiënte wat voorheen deur Hospitaalsorg besoek is.  Ons fokus veral om pasiënte wat nie ondersteuning of geliefdes in Bloemfontein het nie.

Wanneer 'n pasiënt verwys word, besoek die Hospitaalsorgspan die persoon en gee daarna terugvoer aan die persoon wat die verwysing gemaak het.

**Waar word hierdie dienste gelewer?**

Hospitaalsorg besoek pasiënte by verskeie hospitale en instansies in Bloemfontein, waaronder *Mediclinic, Rosepark, Sunflower House, Nasionale Hospitaal, Universitas, Netcare, Busamed, Stirling, EmoyaMed, Emoya Rehab, Hillandale, CityMed* en *Spesialist Hospital*.

Alhoewel die diens hoofsaaklik in Bloemfontein gelewer word, het Hospitaalsorg al pasiënte van plekke soos Angola, Danabaai, Vereeniging, die Noord-Kaap, Noordwes en ander gemeenskappe besoek.

**Kan Hospitaalsorg ook ondersteuning buite Bloemfontein bied?**

Ja, ondersteuning word ook aanlyn deur middel van WhatsApp gebied, veral aan pasiënte wat reeds ontslaan is, maar steeds met langtermyn siektetoestande saamleef.

**Watter emosionele en geestelike behoeftes het pasiënte gewoonlik?**
Baie pasiënte het behoefte aan iemand wat luister, bemoedig en saam bid. Vir sommige bring Skriflesing en gesprek rondom die Woord groot vertroosting.

Die ondersteuning van families is ook baie belangrik, aangesien geliefdes dikwels self bekommerd en onseker is. Soms is die grootste geskenk bloot om fisies daar te wees wanneer familie weens omstandighede nie by die pasiënt kan wees nie.

**Hoe kan die gemeenskap Hospitaalsorg ondersteun?**
As gevolg van die POPI-wetgewing is dit moeilik om vrywilligers by hospitaalbesoeke te betrek. Die gemeenskap kan egter steeds help deur bederfpakkies te skenk.

Die Hospitaalsorgspan neem graag iets saam wanneer hulle pasiënte besoek. Hierdie pakkies kan toiletware, iets lekkers om te eet of drink, of 'n klein bederf bevat, mooi verpak saam met 'n bemoedigende teksvers.

Mense kan ook help deur Hospitaalsorg in kennis te stel van pasiënte in Bloemfontein wat 'n besoek nodig het

**Waar kan mense meer inligting kry?**
Vir meer inligting oor Engo se Hospitaalsorgdiens kan die Engo kantore geskakel word by 051 407 7234. Mense is ook welkom om Gerda Kemp by gerda@engo.co.za of Christelle Trollope by bereidieweg@gmail.com te kontak.

Hospitaalsorg herinner ons dat omgee nie altyd groot gebare verg nie. Soms is 'n besoek, 'n gebed, 'n luisterende oor of 'n klein pakkie hoop presies wat iemand nodig het.

**Baie dankie, Christelle vir jou toewyding aan hierdie besonderse bediening van hoop en omgee.**





# WASMASJIEN-SKENKING

## MAAK **DAAGLIKSE WERK** MAKLIKER BY ENGO GESINSORG

Engo Gesinsorg Hennenman/Virginia wil graag baie dankie sê aan die Strauss-gesin vir die skenking van 'n wasmasjien.

Hierdie praktiese skenking maak 'n groot verskil. Die kantoor ontvang gereeld tweedehandse klere vanuit die gemeenskap, wat dan gewas, gesorteer en teen bekostigbare pryse verkoop word.

Die inkomste uit hierdie klereverkope help om die kantoor te ondersteun en maak dit moontlik om steeds belangrike dienste aan die gemeenskap te lewer.



# MALUTI FM AND ROUND TABLE

## COLLECTED **FOOD**, **CLOTHING** AND **BLANKETS** FOR ENGO CHILD AND YOUTH CARE CENTRES

Maluti FM, together with Round Table, held a fundraising drive in aid of Engo from 18 May to 18 June 2026.

We are truly grateful for the incredible support received from the community. Through this initiative, 499 tins of food, 167.5 kg of starch products, 12 usable bags of clothing and 47 blankets were collected.

These donations made a big difference in the lives of the children at the Senekal and Lefika Child and Youth Care Centres in the Eastern Free State.

Thank you to Maluti FM, Round Table and every person who contributed. Your care and support mean so much to us and to the children.



# ENGO SIGBAAR

## BY FRANSE MARK IN BLOEMFONTEIN

Engo het tydens die Franse Mark in Bloemfontein op 6 Junie 2026 twee stalletjies beman. Cruise for a Cause kaartjies is verkoop deur die Reddersburg Gesinsorgkantoor, en Engo het ook 'n stalletjie gehad waar pragtige gehekelde komberse, ideaal vir die winter, verkoop is.



# ENGO KUIER SAAM

## BY NG KERK VRYSTAAT SINODE

Engo het van 7 tot 10 Junie 2026 by die NG Kerk Vrystaat Sinode by Nampo Park in Bothaville gaan inloer.

Dit was 'n waardevolle geleentheid om verhoudings te bou, lekker saam te kuier en meer oor Engo se werk te deel. By die Engo stalletjie is Engo produkte en warm kombersies vir die winter verkoop, terwyl belangrike inligting oor Engo se dienste en subprogramme met ongeveer 400 mense gedeel is.

Engo is baie dankbaar vir die ondersteuning wat ons subprogramme van gemeentes regoor die Vrystaat ontvang.

Baie geluk aan ds. Christo Weideman met sy verkiesing as die nuwe Moderator van die NG Kerk Vrystaat. Ons is ook baie trots op ds. Riaan van Zyl van die Engo CTK Beheerraad en ds. Charles James van die Engo Provinsiale Beheerraad, wat tot die Moderamen verkies is.





# LEMOENE BRING GROOT BEDERF

## VIR ONS KINDERHUIS IN BLOEMFONTEIN

Die 138 kinders van Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum in Bloemfontein het op 12 Junie 2026 heerlik gesmul aan spesiale lemoene uit die tuin van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (Naln). Volgens Wyno Simes, kurator van Naln, kom die lemoene van ses bome wat in 2014 by die museum geplant is en vanjaar 'n besonder goeie oes gelewer het. Die bome dra jaarliks vrugte, en Naln skenk die oes elke jaar aan 'n liefdadigheidsorganisasie. Vanjaar was Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum die ontvanger.



Vir die kinders was dit nie net 'n lekker bederf nie, maar ook 'n spesiale stukkie Vrystaatse geskiedenis wat met hulle gedeel is.



# BROODJIES MET LIEFDE:


## INWONERS HELP OM HONGER MAGIES TE VOED

Die inwoners van Viljoenskroon Sentrum vir Bejaardes is deel van Blink Brein Buksies se broodjieprojek. Elke Woensdag, ná die Bybelstudiegeleentheid, help hulle om broodjies te smeer en netjies te verpak. Yolandi Duminy en haar span deel die broodjies dan die volgende dag by Salomon Senekal Hoërskool uit aan kinders wat deel is van die voedingskema. Dit is 'n groot voorreg om deel te wees van hierdie besonderse projek wat help om honger magies te voed.




Donasies is egter broodnodig om die projek aan die gang te hou. Konfyt, botter, kaas, kontant of enige ander bydrae waarmee lekker broodjies gemaak kan word, sal met groot dankbaarheid ontvang word. Stuur gerus 'n epos na info@engo.co.za as jy betrokke wil raak.

# A SWEET SURPRISE



## FOR ENGO'S CHILDREN AND ELDERLY

On 10 June 2026, Engo Free State received a wonderful donation from Country Bird Logistics in Bloemfontein — an incredible 2 478 tubs of ice cream!

This generous donation was shared with various Engo centres, including the Child and Youth Care Centres in Bloemfontein and the Eastern Free State, Bloemfontein Aged Care Centre, and Bergprag Aged Care Centre in Bethlehem.

We could hardly believe our eyes when 2 478 tubs of ice cream arrived at our doorstep! It was a sweet reminder that ice cream is not only for summer — it can bring joy in any season. Seeing the smiles on the faces of Engo's children and elderly residents made this donation even more special.

Thank you to Country Bird Logistics and your team for your generosity, and for making the delivery such a smooth and pleasant experience.







# ONVERGEETLIKE DRAKENSBERGTOER


## BEDERF VILJOENSKROON SE BEJAARDES

Danksy die inisiatief en harde werk van Janita en Gerhard Opperman kon inwoners van Viljoenskroon Sentrum vir Bejaardes 'n onvergeetlike Drakensbergtoer geniet. Daar is reeds van verlede jaar af beplan en fondse ingesamel om die toer moontlik te maak.

Die toer was propvol hoogtepunte, waaronder lekker saamkuier, braai, versnaperingspakkies, besoeke aan verskeie plekke en die besondere Drakensberg Seunskoor-vertoning.

Die inwoners het vol waardering en nuwe energie teruggekeer en kon nie uitgepraat raak oor die ervaring nie. Herinneringe is geskep wat nog lank gekoester sal word.





# BLANKETS OF LOVE

## KEEP RESIDENTS **WARM** THIS WINTER

At Trompsburg Aged Care Centre, a special story of love, care and community continues to live on. It all began with Rita Hamman, a beloved woman who started with a project to make blankets for less privileged people for the winter. Her legacy continues in every colourful square and every blanket made with love.

The women at the Trompsburg Aged Care Centre decided that no resident should be without warmth during the cold winter months. They started making blankets — not only as something to keep residents warm, but as a symbol of care, comfort and love.

Thank you to all the women from the community and church who supported this project. We are grateful for every ball of wool donated, every square knitted, every blanket sewn together, and every act of love that helped to make this special project possible.





# ABSA SKENK WARMTE

## DEUR FORCE FOR GOOD-KOMBERSSKENKING

Engo Vrystaat is opreg dankbaar teenoor Absa in Bloemfontein vir hul ondersteuning deur die Force For Good – Blankets Donation Drive. Op 26 Junie 2026 het Absa 41 gehekelde komberse aan Engo geskenk.

Hierdie besonderse skenking bied nie net fisiese warmte nie, maar bring ook hoop en omgee aan die kinders, gesinne en individue wat deur Engo ondersteun word. Ons waardeer Absa se deernis en toewyding om 'n positiewe verskil in ons gemeenskappe te maak.





# GESIN GEE OM EN RAAK BETROKKE

## MET HAPPY FEET PROJEK VAN ENGO





Engo het 32 Kinder- en Jeugsorgsentrums in die Vrystaat, waar meer as 800 kinders versorg word. Daar is ook meer as 2 000 kinders in pleegsorg.

Deur Engo se Happy Feet-projek in Januarie en Junie kan mense nuwe skoene vir kinders skenk. Craig Otty en sy gesin het besluit om die dogters van Amore Kinder- en Jeugsorgsentrum in Bloemfontein te bederf met splinternuwe wit tekkies en ekstra bederfies in spesiale pakkies. Dit was 'n baie spesiale oomblik wat die kinders se dag gemaak het.

Plaas jouself hierdie winter in een van ons kinders se skoene. Stuur 'n e-pos na info@engo.co.za as jou gesin ook 'n verskil wil maak.

# ENGO VROUE-OGGEND IN AUGUSTUS

## 'N OGGEND WAT JY NIE WIL MISLOOP NIE

Kom geniet 'n spesiale Vroue-oggend saam met Engo Vrystaat op Vrydag, 21 Augustus 2026, van 08:00 tot 12:00 by Leopards and Lace in Bloemfontein.

Die oggend beloof inspirasie, bederf en lekker saamwees met Leandie du Randt as gasspreker, Jacobus Silwer wat optree, en uitgesoekte uitstallers.

Kaartjies kos R350 per persoon of R3 500 vir 'n tafel van 10. Individuele kaartjies is beskikbaar op Engo Vrystaat se webtuiste: Vier die Lewe – Vroue-oggend | Engo.

Vir tafelbesprekings of meer inligting, WhatsApp 060 548 5543 of e-pos alda@engo.co.za.




# TAKE YOUR SEAT AT THE TABLE

## FOR KOMBUISLIEDJIES WITH JACOBUS SILWER

Kombuisliedjies with Jacobus Silwer is a 90-minute contemporary Afrikaans production blending music, prose and poetry at the OFM-Odeion during the Vrystaat Arts Festival in Bloemfontein.

Join Jacobus on a heartfelt journey from his own coming-of-age kitchen to kitchen tables around the world — where stories, songs, laughter and life are shared.

**Shows: 7 July at 14:00 and 9 July at 15:00.**



Engo proudly supports Jacobus Silwer and encourages the community to attend and enjoy this special production.

**Tickets are available on Webtickets.**

# DIE AVONTURE VAN OMGIE



DIE VRUG VAN

# SELFBEHEERSING

**Omgie is weer op reis.**

**Met sy bondeltjie vol Vrugte van die Gees stap hy elke maand 'n nuwe avontuur binne. Soms raak die pad moeilik. Soms is dit vol vreugde.**

**Maar elke keer moet Omgie kies:**

**Watter vrug gaan hom help om vandag die regte ding te doen?**

**Kom stap saam met Omgie — en ontdek watter vrug hierdie maand se storie dra.**

Omgie stap 'n stil, groot gebou binne. Die lug ruik skoon, skoene fluister oor die vloer en deure maak sag oop en toe. Maar oral is daar emosies. Iemand huil in die gang. 'n Man praat kwaad in 'n kamer. 'n Verpleegster hardloop verby.

Omgie se hart klop vinniger. Sy asem raak kort. Sy hande bewe.

**"Dis te veel," fluister hy.**

Toe voel hy sy bondeltjie. Binne lê die Vrug van Selfbeheersing.

Dit fluister:

**Stop.**

**Asem.**

**Jy hoef nie alles gelyk te dra nie.**

Omgie maak sy oë toe en haal stadig asem. In... en uit. Weer en weer.
Die geraas is nog daar, maar dit voel verder weg.
Toe sien hy 'n meisie alleen teen die muur sit, haar hande oor haar ore en haar oë vol paniek.
Omgie gaan sit langs haar. Hy sê niks. Hy haal net stadig asem, hard genoeg dat sy dit kan hoor.

**In... uit.**

**In... uit.**

Ná 'n rukkie begin sy saam asemhaal. Haar skouers sak.
"Dankie," fluister sy. "Ek het gedink ek verdrink."

Omgie glimlag sag. Hy verstaan toe:

**Selfbeheersing is nie om jou gevoelens weg te druk nie. Dit is om rus te kies, sodat jy weer kan sien wat voor jou is.**

En hierdie keer stap Omgie rustig verder — met kalmte in sy bors.












## DATUMS OM TE ONTHOU

- 10 Julie 2026 – Orkney Gholfdag ten bate van Viljoenskroon Kinder– en Jeugsorgsentrum
- 7 – 11 Julie 2026 – Vrystaat Kunstefees in Bloemfontein
- 18 Julie 2026 – Nelson Mandela Dag
- 25 Julie 2026 – Koffie Expo by Villa Avianto: Kom ondersteun Engo se stalletjie

*Visit Engo's Events Calendar for more information about upcoming events.*
*If you missed any of our previous newsletters, please visit www.engo.co.za.*
*If you have any comments, concerns, or compliments, please send them to info@engo.co.za.*




*"What counts in life is not the mere fact that we have lived. It is what difference we have made to the lives of others that will determine the significance of the life we lead." — Nelson Madela*